



Wenk van die Maand

November 2019

ELEKTRIESE GELEIDINGSVERMOË

Elektriese geleidingsvermoë (EG) is die vermoë van opgeloste ione in water om 'n elektriese stroom te gelei. Beide katione en anione dra to EG by en die hoeveelheid elektriese stroom wat deur katione gelei word, verhoog met valensie (lading).

Dit beteken dat divalente (dubbel gelaaide) katione soos kalsium en magnesium, meer elektriese stroom as katione soos natrium kan gelei. Daarom is EG 'n betroubare aanduiding van ionise inhoud en waterkwaliteit.

Maateenhede

EG metings kan soms verwarrend wees omdat dit in milli-Siemens/m, milli-Siemens/cm of selfs mikro-Siemens/cm uitgedruk kan word. Dit is belangrik om hierdie maateenhede te kan omskakel om 'n duidelike aanduiding van ioniese inhoud te kry.

Villa verkies milli-Siemens/m en ons het daarom die tabel hieronder vir omskakeling doeleindes, ingesluit.

EG omskakeling in verskillende eenhede

mS/m	mS/cm	μ S/cm
1	0.01	10
100	1	1000
1000	10	10000

Totale opgeloste stowwe

Dit is 'n aanduiding van beide die opgeloste ione en die opgeloste organise materiaal in water. Opgeloste ione maak egter die bulk van die totale opgeloste stowwe lesing op.

'n EG waarde in milli-Siemens/m word dikwels met 'n omskakelingsfaktor van ongeveer 7 vermenigvuldig om die totale opgeloste stowwe meting in mg/L of dpm te bepaal (bv. 100 mS/m = ongeveer 700 mg/L).

Dit is egter nie totaal akkurraat nie, en die omskakelingsfaktor kan redelik wissel.

Villa se mening

EG is 'n eenvoudige en effektiewe manier om ioniese konsentrasie van spuitwater te bepaal.

Dit is belangrik om 'n deeglike kennis van EG te hê om sodoende die waterkwaliteit en ammoniumsulfaat gebruik te kan bepaal.

Kontak Brian de Villiers vir meer inligting oor byvoegmiddels en waterkwaliteit by
082 880 0974 of
bdevilliers@villacrop.co.za